## 3 Maart - DISSIPEL

**Skrifgedeelte: Lukas 14:25-33**
**Fokusgedeelte: Lukas 14:27**

Om dissipel van Jesus te wees, beteken onder andere dat elkeen sy eie kruis moet dra en agter Hom aan moet loop. Met kruis bedoel Jesus alles wat ons as Christene ly omdat ons gehoorsaam aan Hom wil lewe.

Jesus sê elke dissipel het sy eie kruis. Soos wat elkeen 'n eie spesifieke werk in diens van die Here het, so het elkeen sy eie kruis om te dra. Soms dink ons dat iemand anders se kruis ligter as ons s'n is, maar dit is nie waar nie. Ons hemelse Vader bepaal self watter kruis Hy vir elkeen gee. En vir elkeen is sy eie kruis swaar genoeg, na gelang van die gawes en geloof wat die Heilige Gees aan elkeen gee. Ek sal ontrou aan die Here wees indien ek my eie kruis wil vermy, of probeer om 'n ander een se kruis te dra. As ek gespot en verkleineer word omdat ek aan Jesus gehoorsaam wil lewe, is dit die kruis wat die Vader vir vandag vir my gee.

'n Dissipel is nie 'n martelaar wat sê "Dit wat my nou oorgekom het, is sleg, maar ek moet dit nou maar dra, want ek kan niks anders doen" nie. 'n Dissipel is 'n oorwinnaar, en sê: "Dit wat my nou oorgekom het, is sleg, maar ek wil dit dra, want ek weet die Here sal dit ten goede laat uitwerk." Wie te midde van die swaarkry nog steeds hom en haar in die Here verbly, dra regtig hulle kruise.

En as die kruis jou skouer skaaf, is Jesus jou aansporing om vol te hou. Jy loop agter Hom aan en sien dat Hy die kruis voor jou en vir jou gedra het.

Kyk mooi, Jesus het die swaar kant van die kruis gekry, die kant waarop die vloek en oordeel van God gerus het. Hy het die swaar kant van die kruis voor jou weggevat, sodat jy die ligte kant van die kruis kan kry en kan dra.

*Sing: Psalm 79:5, 6, 9 (1936-beryming)* *Ds CCA Vrey (Rustenburg-Noordoos)*